To refer again to Mt. 28: 19, the charter of the Church's teaching mission, one finds the Church charged to "go . . . and make disciples of all nations" and in a related passage " . . . you shall be my witnesses in Jerusalem and all Judea and Samaria and to the end of the earth." (Acts 1: 8). This mission to all the world has ceased to have geographical meaning, since there is today no country where the gospel is not announced and where there are no witnesses to Jesus Christ. According to the World Christian Handbook (1962) there are 854,031,945 professed Christian witnesses (a third of the human race) in the world today, yet it is obvious that in terms of the actual life of the world the task has only just begun. Only recently has the Church begun to think seriously about its witness in every aspect of what constitutes the world, about being in truth the salt, light and leaven that change the quality of the whole. What this amounts to for the teaching mission is the effectual proclamation and application of the total Lordship of Christ, an affirmation of which prefixes the teaching charge (Mt. 28: 18) and brings the entire life of the world in its every aspect within the scope of the Church's mission.

In recent years there has been much talking and writing about the gulf between the Church and its message on the one hand and the life of the world on the other. The fact remains, however, that the Church IS in the world in the person of every one of its members in every walk and sphere of life. What is called the "laity" find themselves in the places where the real issues of life and of history are being fought out, and in it all the witness of the Church occurs through them or not at all. These ordained to the ministry undergo years of intensive training in order to equip them for their tasks. But what of the bulk of Church members who share this ministry? Is it not as important that they should be trained and equipped and made aware that they too are ordained to the ministry of the Church through their baptism and confirmation?

DISCOVERING THE RELEVANCE OF CHRISTIANITY

The question needs to be asked whether the Church does in fact fit its members to bear witness to the reality of God in the midst of the realities of our modern society. It is unfortunate but true that to some extent at least the Church positively unfits its members for this rôle. First there is the centuries old tendency typified in Bunyan's Pilgrim's Progress to "write off" the world as something heading for destruction, from which as many as possible must be rescued and separated before it is too late. Much has been read into the saying "My kingdom is not of this world" to justify non-involvement in the affairs of society, in particular political affairs. This is of course to misunderstand the words, which refer not to the other-worldly character but the other-worldly origin of the kingdom and the allegiance it demands. To be "in but not of the world" means to bear witness to what Bonhoeffer has called "the beyond in the midst of our life."

Then more recently the Church has tended to place itself on the defensive in relation to the world and the spectacular progress of science, industry and social reform, and the relatively new concepts of the responsibility of the state for education, the care of the sick and the relief of poverty, which used to be regarded as the special spheres of the Church. The Church has appeared to wonder anxiously whether all this leaves any room for God and also for itself. Instead of supporting and welcoming every evidence of man's advance and seeing in it the continuing creative work of God it has often been grudging in its acceptance of progress and given an unfortunate impression of being on the side of those who cling to the past and oppose change. In Africa as elsewhere the Church is being driven to the position where it must either contract out of the rapidly developing life of man or throw itself into that life and regard its members not merely as those who fill pews which would otherwise be empty, but as those who man the front ranks of the Church, those who are in the thick of the real work of the Church in the world. The latter is obviously the only way open to the Church, but this requires considerable reorientation in the way the Church thinks about itself and about the world and human society.

It is not enough to decide that the church member needs to be acquainted with a certain body of doctrine and teaching in order to qualify for church membership, or what candidates for the ministry need to know in order to perform certain functions in the Church in order that the Church may be perpetuated. At every level the "what?" of the teaching mission needs to be rethought in the light of the question "what for?" This means not trying to "make Christianity relevant", as if it were not relevant and needed to be changed to become so, but discovering its relevance in the real issues which face young people in the varying stages of their growth and which face adults in their work and family life

and in relation to the individual and corporate decisions which are forced upon them.

The Church in the discharge of its teaching mission needs to take account of the findings of the scientist, the social scientist, the psychologist and psychiatrist in order that it may understand better the people and the society to which it ministers. It needs to be far more *au fait* than it is with what is afoot in society, with the intellectual climate, with the movements of one kind and another that stir the intelligentsia as well as the masses.

In South Africa it is alarmingly out of touch with the up-and-coming people who are bound to shape the society of the future. It apparently has nothing whatever to say to those who are most concerned to bring about a just social order. It is doubtful whether it would really welcome them as part and parcel of its life. What happens in South Africa in the future will pass the Church by as a cumbersome irrelevance unless it exerts itself to become geared to the realities of the situation. There is only the dimmest awareness of the thinking of the Church in other parts of the world on these very matters.

(To be concluded)

Winsome Munroe, B.A., B.D., is secretary of the Christian Education Movement.

HOW CHRISTIANITY AIDED COMMUNISM IN CHINA

The following extract from an address given by Peter Howard to the Rotary Club of Minneapolis, Minnesota, August 21st, 1964, is the report of a conversation he had last October in New Delhi with a Red Chinese diplomat. After discussing some of the problems of living in an atomic age, the diplomat suddenly said, "We do not want Christianity back in China."

He raised the point, I did not. I asked him why. He said, "I was brought up in a missionary school. So were many leaders of my country. The missionaries came from the West. Most of them were sincere people. But they were only interested in personal salvation and in filling churches. We were interested in China. The missionaries had no chance."

He then explained the Communists were interested in the food empty stomachs would get to eat — the work empty hands would have to do — the unity and destiny in Asia and the world, of a nation of history and grandeur.

I said to him with some passion, "Supposing you had had men of faith come from the West to your country who were as interested as any Communist in the food men had to eat — as interested as any Communist in the work men had to do — as interested as any Communist in the destiny of China, but also cared greatly and intelligently for the character and faith of every individual they met?" That Chinese Communist diplomat looked at me for several seconds, then replied, "In that case the West would never have lost China."

MRA Information Service, Vol. 12, No. 328, 26th September, 1964.

Die Werk van die Wêreldraad van Kerke

The Work of the World Council of Churches

WAT WORD BEDOEL MET INTERKERKLIKE HULPVERLENING, VLUGTELINGE- EN WÊRELDDIENS?

Die *Ecumenical Review* van Januarie 1964 publiseer 'n toespraak van dr. Leslie Cook oor bogenoemde werkafdeling van die Wêreldraad van Kerke.

Die spreker poneer en verduidelik twee stelling:

1. "Die Afdeling Interkerklike Hulpverlening, Vluchteling- en Wêrelddiens van die Wêreldraad van Kerke is 'n uitdrukking van ekumenisiteit en dra die verantwoordelikheid om op sy besondere terrein die volle roeping van die Wêreldraad van Kerke tot uiting te bring. Ons bepaalde verantwoordelikheid is om ons besig te hou met die behoeftes van die kerke en van manne en vroue, maar hierby kom nog die verantwoordelikheid om te sorg dat wanneer kerke daartoe oorgaan om in hierdie behoeftes te voorsien, hulle dit op so 'n wyse doen dat hul eenheid in Christus gehandhaaf en sigbaar word."

2. Die tweede stelling is: "Die Afdeling Interkerklike Hulpverlening, Vluchteling- en Wêrelddiens moet as deel van die Wêreldraad van Kerke daarna streef om die roeping ten opsigte van die evangelie te vervul. Die roeping bestaan daarin om die eenheid (wholeness) van die evangelie te verkondig en met die daad te demonstreer."

Die spreker sê dat in hierdie verband reeds veel studie gewy is aan die Nieu-Testamentiese begrippe *diakonia* en *leitourgia*, o.m. om aan te toon dat hulle nie van die versoeningsdiens van Christus geïsoleer mag word nie. Hy self vra aandag vir die omvattende betekenis van die woord barmhartigheid of ontferming in die Nuwe Testament. Hy wys daarop dat barmhartigheid 'n wesenlike deel van die evangelie is en dat dit doeltreffend en planmatig moet wees.

"Hierdie barmhartigheid, wat Gods liefde in Christus is, kom tot uitdrukking in ons getuienis in ekumeniese verband in die algemeen en in die Wêreldraad van Kerke in die besonder. Dit is 'n getuienis aangaande die eenheid van die evangelie wat ons tot die eendragtige betoning van barmhartigheid verplig."

Die tweede deel van die rede bestaan uit leidrade vir die besluite en handelwyse van die Afdeling Interkerklike Hulpverlening, Vluchteling- en Wêrelddiens.

i. Hierdie Afdeling moet sy deel doen om in betrekking tot kerke te tree en 'n broederlike verhouding tussen kerke tot stand te bring. Die Afdeling het bepaald met die diens van barmhartigheid te doen, en deur behoeftige kerke sowel as vermoënde kerke in hierdie hulpaksie te laat deel, word die ware ekumeniese gees ontwikkel.

ii. Die Afdeling moet sy deel doen in die diens wat die Wêreldraad aan die kerke poog te verrig.

Deur hierdie diens van barmhartigheid ontstaan 'n wederkerigheid tussen die kerke wat materiële dinge gee en ontvang en wat geestelike onderrig gee en ontvang. Dikwels ontvang die kerk wat gee kostelike insigte van die kerk wat hulp ontvang. Aldus oorskry die kerke die grense deur afkoms en tradisie oopgerig en begin hulle hul eenheid in Christus gewaarword. Hulle besef dat hulle nie maar net Amerikaanse of Engelse of Duitse of Franse of Afrikaanse Kerke is nie, maar Kerk van Jesus Christus in Amerika, Engeland, Duitsland, Frankryk en Afrika.

iii. Die Afdeling moet sy deel doen om die doel van die Wêreldraad van Kerke na te kom wat bestaan in die bevordering van ekumeniese studie van sake wat die gemeenskap belange van die kerke raak.

In die laaste jare het die Afdeling die studie van bepaalde onderwerpe

ondernem. Daar is bv. die verskynsel van trekarbeid, Christelike maatskaplike inrigtings in die moderne welsynstaat, chroniese armoede in sommige lande en die vorm wat hulpverlening moet aanneem. Interkerklike Hulpverlening vereis 'n suiwere verhouding tussen die praktiese en die teoretiese, tussen ekstroversie en introversie. As die klem te veel op die praktyk val, loop die afdeling gevaar om 'n groep onnadenkende „do gooders" te wees; val dit te sterk op die teorie, dan word dit 'n groep planmakers wat nooit tot die daad oorgaan nie.

iv. Die Afdeling moet sy deel doen om die doel van die Wêreldraad te verwesenlik ten opsigte van gemeenskaplike aksie deur die kerke.

Dit bestaan daarin dat die belangstelling en middele van soveel kerke as kan, ten bate van kerke of landstreek waar hulp dringend nodig is, aangewend word. Dit sluit ook in die aanstelling en aktivering van beproefde beplanningsskategoriees wat met die plaaslike lewensomstandighede en met die ware behoeftes van dié wat gehelp moet word, bekend is en dus in staat is om middele wat geskenk is, op die voordeligste wyse te bestee.

v. Die Afdeling moet in naam van die Wêreldraad en tot verwesenliking van sy doelstellings gewigtige beslissings neem en handelend ootree. Dit is die Afdeling daarom te doen om in een bepaalde sektor van nood, bv. tydens natuurrampe, by verhongerde bevolkingsgroepe, by vluchteling wat êrens gevestig moet word, in 'n arbeidskamp van jong mense, deur sy optrede die besef te wek dat die kerk van Jesus Christus, versprei oor die hele wêreld, hier in aksie is. Die ware solidariteit van Christenmense om, waar die nood skreiend is verstandig te beraadslaag, vlugtig op te tree en noodlenigend in te gryp, moet aan die lig tree.

Op dié manier beantwoord die Afdeling aan sy doel.

„Inter Nos", Augustus 1964.

THE CHURCH'S HEALING MINISTRY

(Tübingen, Germany) — Deep and continuing study of the Christian concept of the healing ministry of the Church was called for by a consultation convened here by the World Council of Churches and the Lutheran World Federation.

A statement unanimously adopted by the six-day meeting asked the two bodies to take a "new look" at the meaning of healing and particularly at the role of church-sponsored medical institutions.

The participants, the majority of whom were doctors, nurses, and other medical personnel attached to church-sponsored institutions around the world, specifically stressed the need to re-examine the concepts within the church which view Christian medical work as either primarily for the meeting of physical needs or as a tool for evangelism.

"The valid criticism by younger churches that such institutions are a 'burden' to them and the lack of intimate congregational involvement in medical institutions in the West points up the absence of a sufficient distinction between much Christian medical work and the services of secular agencies," the statement declared.

But, "the Church cannot surrender its responsibility in the field of healing to other agencies," the statement affirmed. "The Christian Church has a specific task in the field of healing." It has "insights concerning the nature of health which are available only within the context of the Christian faith."

Consultation discussions were concerned with what constitutes the health and healing of the whole man — the psychological, spiritual, and mental

realms — as well as the physical.

It affirmed that "all healing is of God" and that "the specific character of the Christian understanding of health and of healing arises from its place in the whole Christian belief about God's plan of salvation for mankind." It added:

"The Christian understanding of healing begins from its place in the ministry of Jesus. There it was a sign of the breaking into human life of the powers of the Kingdom of God and of the de-throning of the powers of evil. The health, which was its fruit, was not something static, a restored equilibrium: it was an involvement with Jesus in the victorious encounter of the Kingdom of God with the powers of evil.

"A concept of health which is merely that of a restored balance, a static 'wholeness', has no answer to the problem of human guilt or death, nor to the anxiety and the threat of meaninglessness which are the projection upon human life of the shadow of death.

"Health, in the Christian understanding, is a continuous and victorious encounter with the powers that deny the existence and goodness of God."

With this understanding of health, the consultation statement declared, it must be seen that the congregation has "a central and responsible role" in healing and that all its members — not just the doctors, nurses, and pastors — are involved.

The congregation, it said, "by its prayer, by the love with which it surrounds each person, by the practical acts which express its concern for every man, and by the opportunities which it offers for participation in Christ's mission . . . is the primary agent of healing."

The consultation expressed concern that contemporary theological training deals so little with the relationship between healing and salvation, noting that the importance of the spiritual component in health is not generally recognised.

It recommended that pilot projects be set up within selected hospitals in which teams comprising a physician, nurse, psychiatrist, and pastoral counsellor would seek "to treat the patient in the totality of his sickness."

It also favoured the cooperation of church-sponsored agencies with government and secular bodies "provided this in no way compromises the expression of Christian witness."

It further called for cooperation by the churches in survey, study and planning, personnel placement, and "in some areas" the sponsorship of joint medical programmes.

The report also suggested that a small consultation of theologians be held "at an early date" to discuss "health and salvation."

Participants in the consultation, which did not speak for either of the two convenor bodies, came from Europe, Asia, Africa, and North America and represented a wide range of church membership.

(The report of the consultation will be available later from the World Council of Churches and the Lutheran World Federation. The study papers of the consultation are scheduled for eventual publication.)

"Ecumenical Press Service", Geneva, 4th June, 1964.

'N BOODSKAP AAN ALLE CHRISTENE

'n Berig van die Wêreldraad van Kerke van 23 Des., 1963 meld dat die Kommissie vir Wêreldsending en evangelisasie 'n boodskap aan alle Christene in die Wêreld uitgestuur het. Hier volg 'n opsomming daarvan:

1. Ons wêreld verander sneller as ooit. Nuwe lewenspatrone kom tevoorskyn. In hierdie veranderinge speel

wetenskap en tegnologie 'n beslissende rol. Dit het sy groot voordele maar stel ons ook voor die ernstige vraag of tegnologie ons dienaar of ons baas gaan wees.

2. Ons wat die God van die Bybel ken weet dat die toenemende heerskappy wat die mens oor die natuur uitoefen 'n gawe van God is, maar ook dat ons aan Hom rekenenskap daarvoor verskuldig is. Onderdanigheid aan Hom is die één waarborg van ons menslike vryheid.

3. Met dit in gedagte betuig ons: (a) dat hierdie wêreld Gods wêreld is. Juis die handelose onrus van ons tyd is ons antwoord; enersyds in onderwerping aan en andersyds in opstandigheid teenoor Gods Woord. Die wêreld mag dit nie weet nie of dit verontagsaam nie, maar die feit bly staan dat God die Here is nie slegs van die skepping nie, maar ook van die geskiedenis. Wat gebeur, is in Sy hand, selfs wanneer Hy nie as God erken word nie. Ons word opgeroep om met volharding ons daaron toe te lê om hierdie wêreld te verstaan en Gods wil daarvoor te ontdek en dit beteken om te wete te kom wat in ooreenstemming met Sy bedoeling is en wat onder Sy oordeel val. Terwyl ons dus alle waardering het vir die nuwe lewensmoontlikhede wat ons huidige samelewing bied, wil ons beklemtoon dat die mens slegs in diens van die lewende God tot vryheid kom, anders verval hy onder die heerskappy van ander magte tot sy eie ondergang.

(b) Ons betuig dat God, aan wie hierdie wêreld behoort, Hom in Jesus Christus geopenbaar het. Hy, Jesus die Here van almal, Sy Naam is ho alle name. Sy liefde gaan uit na alle mense. Hy het gesterf en opgestaan vir almal. Daarom kan ons in vertroue en nederigheid tot mense van ander gelowe of sonder geloof gaan. Want die evangelie wat ons bring is die verkondiging van wat God vir alle mense gedoen het en nog doen. Alle mense het reg daarop om hierdie goeie tyding te verneem en op ons wat dit ken rus die verpligting om dit bekend te maak. Niemand, die Christen allermins, durf volhou dat dit nie daarop aankom wat mense glo nie as hulle maar iets glo. Hoofsaak in die lewe van 'n mens is juis om te weet wie God is en dit weet ons slegs in en deur Jesus Christus. Ons verkondig Jesus Christus nie uit 'n gevoel van meerderwaardigheid nie, maar enkel en alleen omdat Hy aan ons die sendingtaak toevertrou het.

(c) Ons betuig dat alle Christene geroep is om eendragtig hierdie opdrag te vervul. Ons voel oortuig dat die tyd daar is dat ons moet kom tot onderlinge oorlepleeg en optrede. Die feit dat Christus onverdeel is moet oortuigend blyk uit die samestelling van ons sendingwerk. Ons verdeeldheid op kerklik en sendinggebied weer-sprek hierdie feit ongelukkig.

(d) Ons betuig dus dat hierdie sendingtaak één is en eenheid verg. Dit is één omdat in alle lande die taak van die kerke wesenlik één en dieselfde is. Dit is één omdat elke Christen gemeente waar ook al in die wêreld geroepe is om die liefde van God in Christus in woord en daad aan die omringende wêreld bekend te maak. Ons geskiedenis verswak ons boodskap.

(e) Ons betuig dat by gevolg ons genoop word om grense oor te steek. Die sendingeling doen dit wanneer hy eie nasie en kultuur verlaat om die evangelie aan ander volke met 'n ander kultuur te bring. Daarby kom die talle Christene wat terwille van 'n beroep in handel, onderwys of regeringsdiens hul na ander lande begewe. Laasgenoemde het ons gebede nodig.

Maar daar is ook ander grense wat ons moet oorsteek: ons Christene moet besef dat God ons met 'n doel na die werkwinkel, kantoor, klaskamer of waar ook al in die sekulêre wêreld stuur en dat die stryd vir repte sosiale en rasse-verhoudings ook hul taak is.

(Vervolg op bladsy 7)

Die Uitdaging van Islam in Afrika

(Vervolg van bladsy 2)

ming van hulle ouers, onderrig kon ontvang in die Christelike geloof (voorheen is net die Koran in hierdie skole geleer). Die leerplan word opgestel deur die owerhede maar in oorleg met Koptiese en Evangeliese kerke.

Verdraagsaamheid en geloofsvryheid in Islam beteken egter slegs die reg van elkeen om sy eie geloof te behou en uit te leef. Dit beteken nie dat 'n volgeling van Islam vry is om sy geloof te laat vaar en 'n ander geloof aan te neem nie. As hy dit sou doen sal geweldige wettlike, sosiale, en ekonomiese sanksies op hom toegepas word—selfs moord is nie uitgesluit nie. G'n wonder dat in sulke omstandighede waarin slegs een rigting bekerings (d.w.s. tot Islam) toegelaat word, die ortodokse Christenkerke 'n passiewe en defensiewe houding ingeneem het nie. Die gevestigde Christenkerk in Arabiese lande bly getrou aan hulle geloof ten spyte van ontberinge, en dit strek hulle tot eer, maar hulle skyn vandag totaal onbewus te wees van die feit dat hulle 'n evangelie het om uit te dra.

EL AZHAR

Die grootste struikelblok vir sendingwerk onder Islam en die bron van krag in die uitbreiding van die ryk van Islam in Afrika is die Jamia' El-Azhar Universiteit in Kaïro — die oudste Universiteit in die wêreld — wat gestig is in dieselfde jaar as Kaïro self — 969 A.D. — en dus oor nege jaar sy duisendjarige bestaan vier.

Hierdie Universiteit is die belangrikste teologiese opleidingsinrigting van die hele wêreld van Islam. Dit het nagenoeg 11,000 studente en 350 professore. Sy studente kom van oor die hele wêreld, selfs uit Kommuniste-Rusland, Sibirië en Sjina. Die minimum toelatingskwalifikasies was altyd laag: minimum ouderdom 10, moet kan lees en skrywe; moet die helfte van die Koran uit die hoof ken. Die hoofdoel van El-Azhar se leerplan is 'n grondige kennis van die Koran en die leerstellinge en wette van Islam. In die laaste kwarteeu is daar egter groot pogings aangewend om die leerplan meer wetenskaplik te maak en die standaard te verhoog. Maar suiwer akademiese opleiding is die taak van Alexandrië en Kaïro se ander drie groot Universiteite (60,000 studente) terwyl El-Azhar wat nou sendingbewys is, hom toespits om sy 11,000 studente die wêreld in te stuur as praktiese sendelinge vir Islam in hulle alledaagse gemeenskapskringe.

Dit word gesê dat 2,000 sendelinge elke jaar El-Azhar verlaat om veral Afrika te wen vir Islam (teenoor 100 nuwe sendelinge per jaar wat al die Christelike Kerke saam in Afrika uitstuur).

El-Azhar neem glad nie genoë met die liberale houding van die Egiptiese regering teenoor ander gelowe nie en sy maandblad, die „Majallat El-Azhar“ kritiseer gereeld die regering omdat op regeringskole te veel aandag gegee word aan sekulêre vakke en te min aandag aan godsdienstige opleiding.

SENDINGMETODES VAN ISLAM

Tot dusver was die sendingveldtog van Islam in Afrika geen sensasionele „heilige oorlog“ teen die Christendom nie, maar 'n geleidelike uitbreiding van sy invloedssfeer.

Sy „sendingtegniek“ word goed beskrywe deur J. Spencer Trimmingham in sy boek oor Islam in Ethiopië. Hy skrywe onder meer: Islam het in Ethiopië geen georganiseerde sendingspropaganda gebruik nie en sy uitbreiding was grotendeels deur vreedsame indringing van Arabiese handelaars. Die eerste stap in die „beking“ van die beiden is gewoonlik niks meer as die dra van Moslemklere en versiersels en die gebruik van sekere kossoorte nie. Dit word Moslem-persoonsname oorgeneem en Moslemfeeste soos dié van Ramadan word saam met Moslems gevier (hoewel die vas nie onderhou word nie). Moslemamulette en -geluk-

bringertjies word van reisende smouse gekoop en gedra. Hierdie uiterlike tekens is egter genoeg om diegene wat hulle gebruik se aandag te trek na die geloof van Islam, en geleidelik aanvaar hulle Moslemgebruike en -gewoontes.

Die Sharia of kanonieke Wette van Islam pas nie heeltemal in by die stamgewoontes van Afrika nie maar, sê Spencer Trimmingham: „What Islam requires primarily is reverence for the law even though it is not observed“ Dit werk dan sielkundig sodat hoewel die naturel aanvanklik voortgaan met sy eie stamgewoontes, hy Islam se wette en rites eerbiedig en geleidelik skuldig voel as hy hulle nie uitvoer nie, totdat die wette ook vir hom 'n rig-snoer word vir sy lewe. Sodra die naturel hierdie stadium bereik het, wil hy ook in om sy kinders na Koranskole te stuur en in sommige groot dorpe soos die Somalstad Zaila word Moslemstudente aangehelp om na die El-Azhar-universiteit in Kaïro te gaan, waar daar koshuise vir 5,000 buitelandse studente is.

'n Belangrike faktor is die intieme vermenging van ontwikkelde Moslems met haar naturelle-Moslems op die gebied van godsdienste.

Die feit dat Islam nie aanvanklik inbooringgebruike en -rites aanval nie; dat Islam simpatiek staan teenoor die naturel en 'n „nie-blanke“ godsdienste is; dat Islam veral in die stede aan die stamlose naturel 'n godsdienste aanbied wat hom dadelik bind aan 'n massa ander Moslems is belangrike faktore in Islam se sendingaksie en vooruitgang. Hulle is veral belangrik as gevolg van 'n besluit van die „All African People's Conference“ in Akkra (van 5 tot 13 Desember 1958) om 'n einde te maak aan die baie godsdienste wat stamme van stamme skei. Islam bied hom aan as 'n godsdienste wat 'n eenheidsband kan bevorder en die plek van die menigvuldige heidense gelowe kan neem.

HERLEWING ONDER ISLAM?

Nou word daar baie gepraat van 'n groot herlewing onder Islam, as sou Islam nou met vuur en vlam die wêreld wil bekeer en die Christene beveg. My beskeie mening is egter dat dit meer 'n geval van neo-Islamitiese nasionalisme is as 'n godsdienstige herlewing.

Dit is waar dat Pakistan homself verklaar het as 'n Moslemstaat en die hoogste poste word vir Mohammedane gereserveer; in Iran moet die koning, eerste minister en alle kabinet-ministers Moslems wees; so ook vind ons in Indonesië en in die Soedan pogings om Islam te bevorder en Christelike aktiwiteite te beperk (bv. die mediese werk in die Suid-Soedan word deur die regering oorgeneem); maar van 'n ware godsdienstige herlewing is daar nie sprake nie. Dit is meer 'n poging om 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor die Weste (van wie die Midde-Ooste en Noord-Afrika so afhanklik is vir geld en tegniese hulp in hulle huidige ontwikkelingsplanne) teë te werk deur eie kultuur en godsdienste te verdedig en op te hemel. Die motiewe is sielkundig en spruit nie uit godsdienstige oortuiging nie.

Die leiers van die Moslemstate dink nie diep oor hulle godsdienste nie (hoewel hulle altyd as Moslems dink), maar hulle moet die gevoelens van die massas, wat in rites en in gewoontes sterk deur hulle godsdienste gebind is, eerbiedig. In werklikheid egter het die leiers geweldige probleme as gevolg van die stremende invloede van ortodokse Islam, wat 'n pre-wetenskap, pre-industriële, pre-nasionalistiese godsdienste is, en hom moeilik leen tot die uitwerk van ekonomiese en politieke formules vir moderne toestande.

Tot dusver was die staatkundige uitbreiding van Islam geleidelik. Maar in die afgelope dekade word uitbreiding deur politieke gebeure in die Midde-Ooste en in Afrika verbaas. Aanspoerende faktore is bv. (a) die verset teen die indringing van Israel in die wêreld van Islam; (b) die gesamentlike protes van die Arabiese Bond teen die aanval

van Brittanje en Frankryk op Suez; (c) die gemeenskaplike verset teen Franse optrede in die Magrib en (d) verset teen die voortbestaan van koloniale beheer in Afrika.

Nog is die optrede van Islam gematig soos bewys is deur die drastiese onderdrukking deur die Egiptiese regering van die fanatieke Moslem-Broederbond (met ledetal tussen een of twee miljoene) by geleenthede waar hulle eise en optrede buitensporig geword het. Maar ekstremiste se stemme word meer en meer gehoor. So vind ons dat dr. Mustafa Khaladie en dr. 'Umoar Farroekh in 1953 'n boek uitgee met die titel: „Sendelinge en Imperialisme“ waarin hulle verklaar dat sendelinge imperialisme uitdra en o.m.: „Die feit bly dat die verkondiging van godsdienste 'n bysaak is in sendingaktiwiteite“ (bls. 28) en „sendelinge word gekenmerk deur sterk vyandskap teenoor Arabiere en Mohammedane en 'n openlike haat vir ander Christengroepe wat van hulle verskil“ (bls. 30). Sulke ekstremistiese uitlatings word natuurlik bedoel om die wêreld van Islam teen die imperialiste te verenig, en hulle vind 'n simpatieke gehoor onder die naturelle-nasionaliste verder suid.

In dié verband skrywe die Intelligence Digest in Januarie 1960:

„This process of wooing Africans into joining Islam has until recently been proceeding quietly and efforts were made not to attract too much attention. Now, suddenly, all caution is being abandoned and the drive for more converts, directed from Egypt, is accompanied by outright attacks on Christianity and on Christianity's interference with African traditions and culture . . . Mohammedanism is being offered as the great unifying force for all Africans.“

Majoor Louis Kraft meen dat in die laaste 30 jaar Islam 1,000 myl vooruitgang gemaak het in Afrika en dat die tempo versnel word. Voor my lê 'n brief van die Sekretaris van die Sudan Interior Mission waarin hy skrywe: „Our own missionaries, entering areas that were always known as pagan, have found time and again that Moslem missionaries have got there first and the result has been that once-pagan areas have become solid Moslem blocks.“

Daar is geen twyfel dat Islam vinnig uitbrei nie. Wat staan ons as Christene te doen voor hierdie opmars van Islam?

Oorgeneem van „Polumnia“, 1960. Die tweede deel van die artikel verskyn volgende maand en is 'n poging om rigting te gee in wat gedoen kan word in antwoord aan Islam.

WERKE WAARNA VERWYS IS

- Addison, J. Th. „The Christian Approach to the Moslems“ (New York), 1942.
Bijliefeld, W. A. „The Confrontation with Islam as a Post-Christian Religion“ (Student World), Vol. LII, No. 2, 1959.
Fernau, F. W. „Moslems on the March“ (London) 1955.
Hitti, P. K. „History of the Arabs“ (London), 1940.
Izzedin, N. „The Arab World“ (Henry Regnery), 1953.
Kellerhals, E. „Der Islam, Seine Geschichte, Seine Lehre, Sein Wesen“. (Basel), 1945.
Lewis, B. „The Arabs in History“. (London), 1950.
Trimingham, I. S. „Islam in Ethiopia“ (O.U.P.), 1952.
Watt, W. M. „The Forces now moulding Islam“. (The Muslim World, Vol. XLIII, No. 3, 1953).

(Vervolg van bladsy 6)

Op hierdie terreine moet hul onder leiding van die Heilige Gees deur woord en daad getuig van die geloof wat in hulle is.

4. Ons betuig daarom dat die sendingwerk beslag op alle Christene in al die ses vastelande is. Sending moet die gemeenskaplike getuigenis van die hele kerk wees wat die hele evangelie na die hele wêreld uitdra. Ons hoort nog nie goed watter omwentelinge hierdie benadering van ons eis nie. Maar in geloof beurt ons vorentoe in roedevrie afwaagting van die leiding van die Heilige Gees.

„Inter Nos“, Februarie 1964.

THIRD MINISTERS' REFRESHER COURSE

The third of the series of refresher courses which are being held under the auspices of the Theological Education Fund will be held in February 1965, probably in Johannesburg or vicinity. Interested ministers are asked to write immediately for details to **The Secretary, Ministers' Refresher Courses, c/o P.O. Box 97, Johannesburg**. It is hoped that vacancies will be available for a small number of White ministers also. Ministers who have attended past courses may apply again.

The theme for the course will probably be „The Task of the Church in Urban Industrial Areas“ and we hope to have at least two well-known overseas theologians among our lecturers.

Participants must hold at least the Junior Certificate plus the Minister's certificate of their own churches. They must be able to understand and speak English.

All travelling and accommodation expenses will be paid by the Committee, but a fee of R10.00 will be levied on each participant to assist with the administrative costs. The course will be of three weeks' duration.

Please write immediately to the Secretary for details.

DIE FRANSE PRIESTER-ARBEIDERS IN DIE INDUSTRIESENDING

Bulletin 14 van die **Persbureau der N. Herv. Kerk** verklaar soos volg:

„Nadat tydens die laaste oorlog in Frankryk 'n studiestuk oor die taak van die Rooms Katolieke Kerk in Frankryk ten opsigte van die ontkerkende arbeiders-wêreld verskyn het, het die gedagte al meer na vore gekom dat daar 'n taak vir sommige priesters om as **arbeiders** tussen die arbeiders te gaan staan om so hul getuigenis te lewer. Hierdie oortuiging is versterk nadat 'n aantal priesters as gewone arbeiders saam met die Franse arbeiders na Duitsland gegaan het.“

Die Franse kardinaal Suhaid het hierdie beweging verdedig maar die aanvalle daarteen van die uiters regtervleuel onder die Franse Katolieke en ook van die Curie in Rome het al hoe sterker geword.

Na die dood van kardinaal Suhaid in 1949 was daar geen prelaat meer in Frankryk wat hom voluit agter die beweging gestel het nie en het die teenstand van uit Rome geseëvier en is die priesters verbied om hulle in die arbeiderstand te laat inskakel. Hierdie verbod sou in 1954 van krag word.

Tien jaar het sedertdien verloop. Ongeveer 50 of tweederde van die aantal priesterarbeiders het hulle nie aan die verbod gesteur nie en het as arbeiders aanhou werk. Sommige het verkies om liewer die Roomse Kerk te verlaat as die roeping wat vir hulle heilig was.

Deur hul handelwyse vóór en na die verbod het die priesterarbeiders in elk geval hierdie positiewe resultaat bereik dat die kerk, en nie slegs die Roomse Kerk nie, bewus geword het van die noodsaaklikheid van evangelisasiewerk onder die arbeiders. Enkele lede van die Franse episkopaat het, stellig onder invloed van die Kosilie in Rome, besluit om weer priesterarbeiders na fabriek in hul diocese te stuur. In die gees van die desentralisasiering wat by die Konsilie geopenbaar is, is daar meer vryheid om op eie verantwoordelikeheid te besluit en kon die eksperiment hervat word ondanks die destydse verbod uit Rome wat nooit herroep is nie.

Die priesterarbeiders, wat met die werk begin het, moes die moeilikhede van hierdie pioniersonderneming verduur en het die kerk waarskynlik 'n groot diens bewys.

„Inter Nos“, Junie 1964.

Lay Training in my Congregation

PART 2

by GEORGE D. WILKIE

Last month Rev. G. D. Wilkie sketched the history and establishment of lay leadership training in his congregation. This month he deals with some of the specific problems encountered in this work.

TRAINING OF THE ELDERS

The monthly meeting of the Kirk Session which normally deals only with business became the "briefing meeting" for the elders preparing them for their leadership in the house churches. Of course the training was principally needed in the leading of the Bible study but there was also discussion about how to conduct a meeting, how to deal with awkward cases, and a sharing of ideas about how the house church could operate more effectively.

There was also from time to time a request for courses in the basic doctrines of the faith. These elders could not get by now with a superficial knowledge of the faith. They were being asked too deep questions and they accepted a responsibility for finding out the answers for their people.

We soon discovered that the biblical plan of going out two by two applied in this work and most of these house churches are now run by two elders cooperating with each other. This makes it easier for them and also strengthens the bond between them as they work together and support each other. Altogether there is a new sense of learning together and of teaching each other, or rather learning from each other in a quite informal way, which is perhaps the best way for older people to learn.

We also found that this job gives the elder a new status. The office of the elder is one greatly respected during Scotland's history, but it is today only a very faint reflection of what it once was. Most elders have the feeling that it should mean more than just dealing with the routine organisation of a congregation. The house church gives the elder a new status both in the congregation and in the people of his district. He becomes the person to whom the people will go with a problem or difficulty. Elders themselves say they know this is what they ought to have been doing all along.

TRAINING OF THE CONGREGATION

Of course this applies only to those who attend regularly and that applies to not more than 25% of the congregation. One of the exciting things, however, has been to see the growth of people of quite outstanding ability and perception in the house churches. Men who reveal a depth of understanding in the Bible study and are of course all the time training their fellow-members; women who show remarkable ingenuity in getting round obstacles and caring for people; people on the fringe of the Church who come into their own and bring a refreshing breath of unconventionality to a Christian gathering. Altogether I believe that a person grows more in Christian character in six months in such a group where there is no formal preaching than in six years regular attendance at church services.

The basis on which we work is not essentially different from that on which we started: service and Bible study.

SERVICE

Neighbourly service is still one of the greatest factors in the mission of the Church. It is the one essential thing by which the world recognises whether you are Christians or not.

Some years ago a Glasgow minister was approached by a group of Quakers who wanted to do some work in his "down-town" parish. He directed them to a block of slum tenements and suggested that they go in and clean them up and get essential repairs done. They set to work at weekends with pails and brushes and paint and nails, enlisting the help of the occupants. Three weeks later the minister was walking through his parish one Saturday afternoon when a man (a local man) asked him: "Where are the Christians working this weekend?"

Said the minister: "The church has existed in this parish for over 300 years but they have never called us Christians. Now a bunch of men come in with pails and brushes and immediately they are dubbed 'the Christians.'" Unfortunately I cannot say that the people of the parish now see the members of the house churches who undertake this sort of work as Christians. They see it as arising out of the kindness of individuals because they do not think of it as part of the work of a church.

I would like to emphasize the importance of service however in such groups. Otherwise they can very easily become pious and inward looking.

BIBLE STUDY

One of the great discoveries of course for the laymen was that Bible study could be so interesting and rewarding. They always took it for granted that it was dull. One of the great discoveries for the minister was the realization that in the Protestant Church (of all places!) the laymen had no opportunity of getting down to the problems that face him in the Bible.

The other conviction that we now have is that Bible study of itself creates fellowship. The Bible forces men to be honest, to confess their doubts and to expose their problems. And immediately someone has done that in a group they are putting their trust in the other members. It is like sharing a deep secret with someone. You trust them not to expose you or give you away. So in helping men to share their most secret thoughts, the Bible creates a new trust and sympathy and bond between me, which is the basis of true fellowship.

We expected fellowship to arise out of service. We found it also in Bible study, where you have a committed group. No longer was there a problem of how to inject fellowship into a congregation. For those who attended the house churches it was inevitable and in many cases became a very real and costly thing.

There also grew up a new understanding of the Church. No longer was it down there in that building. "Now we feel the Church is up here in the street", said a member of a house church to a BBC reporter recently.

It would seem to me that this is the Church and not a temporary expedient or missionary tactic. John Robinson, the controversial bishop of Woolich, as early as 1950 wrote: "I believe that the theological recovery of this notion of the Church in the house . . . is one of the most important tasks of this generation. Whereas the organisation is now an optional extra . . . I believe that the cellular structure of the Church will be rediscovered as a necessity of

(Continued in next column)

PUBLIKASIES ONTVANG -

- BOOKS RECEIVED

"Race. Reflections of a theologian" deur P. Bon. Hinwood, O.F.M. Herder, Rome. 168 bl.

Dit gebeur nie dikwels dat in ons blad 'n boek bespreek word, waarin die skrywer ook „Die Brug” se artikels aanhaal nie. (Bl. 86). Dit gaan hier oor „Race. Reflections of a Theologian”, deur dr. P. B. Hinwood, O.F.M.

Hierdie boek is 'n proefskrif ter behaling van die doktersgraad. Dit is nie 'n boek wat mens maklik lees, soos byvoorbeeld 'n slaphandboekie voor jy na bed gaan, nie.

Nadat hy vasgestel het dat rasse altyd 'n rol gespeel het in die geskiedenis en verduidelik het wat die positiewe wetenskappe met rasse bedoel, set die skrywer uiteen hoe die Kerk deur haar leiers teenoor rasse en die gevolge van rasseverskille in die samelewing staan. Hoewel die Kerk die fundamentele gelikheid van alle mense benadruk, neem sy die verskille wat daar bestaan tussen lande, groepe, kulture en rasse in ag. Almal moet bydra tot die vorming en verryking van God se Volk.

Die vierde hoofstuk — 'n kommentaar op die „Instruksie oor dwalings insake Rasseverhoudings” van Pous Pius XI (1937) — is goed. Interessant is dit ook om te verneem dat die Kerk dit regverdig dat die Staat vir ongedooptes die huwelik tussen mense van verskillende rasse kan verbied, mits dit in die openbare belang blyk te wees. (Bl. 89-93).

Tog twyfel ons of hierdie abstrakte behandeling veel hulp sal bied aan talle

mense wat oor rasseverhoudings besorg is. Rasse, soos kulture, is nie 'n filosofiese onderwerp nie, maar 'n realiteit, 'n veranderende werklikheid, wat 'n mens nie alleen uit die oogpunt van wat kerkleiers en sosiologiese deskundiges daaroor in die algemeen sê, kan beskou nie, maar veral met inagneming van die plaaslike omstandighede, sowel geskiedkundig as eietyds. Daarom is die oordeel van Biskoppe wat hulle noodwendig met die rasseverhoudings moet besig hou, soos in Suid-Afrika en die Verenigde State, belangriker as ander uitsprake. Al staan hulle in die bibliografie, word hulle maar min aangehaal. Maar hulle is besorg oor die toepassing van regte en pligte en dit is nie die oogmerk van hierdie proefskrif nie.

In die Kerk het daar 'n groot ontwikkeling plaasgevind ten opsigte van rasseverhoudings. Van die weiering om Indiane tot die Kommunie toe te laat (bl. 3) — op grond dat hulle moontlik nie mense sou wees nie — tot Biskoppe uit alle rasse, wat deur blanke en ander priesters bygestaan word, is 'n groot stap. Hierdie ontwikkeling is nog nuut, slegs vyftig jaar van duur (bl. 103). Dit is darem jammer dat die skrywer sy werk grotendeels op ouer geskifte baseer.

Hier in Suid-Afrika wag ons nog op die toepassing van die beginsels, uitgedruk in Hoofstuk Vier, op die werklikheid van ons rasseverhoudings.

(Oorgeneem van „Die Brug”, Augustus 1964.)

Menings van Lesers

21 September 1964.

Geagte Redaksie,

Graag wens ek hiermee aan die lesers van Pro-Veritate mee te deel dat die Artikel „God, Kerk en Sending”

(Continued from previous column)

its life.” And I would suggest that in such cells lay training is as natural as it could be. It is basically informal but it is constantly raising a demand for the deepest formal instruction. And always it is being tested and tried against the actual needs of the situation.

The house church of today is not of course the whole Church. The New Testament word “oikos” included a man's place of work as well as what we know of as his home and presumably the “oikos” church is to be found in man's work also. I think we see the so-called house church in its true perspective if we see it as one of the attempts to relocate the Church in this generation, as an American writer described it. I believe that this problem of relocating the Church is one which is central to our whole missionary effort.

If I might return to a point made at the beginning, my conviction that in these groups was to be found the true Church, arises not so much because in them I have seen the Word truly preached, though I have seen that, nor because I have seen the Sacrament truly administered, but rather because I have seen the Spirit giving gifts to men and in a group faced with a difficult task choosing someone — sometimes a most unlikely person — for the job which needs to be done. This I am sure gives encouragement to those who have responsibility for lay training and should serve to comfort us and convince us that we do not work alone.

(The Revd. George D. Wilkie is a minister at the Church of Scotland. These excerpts from an address given at the World Consultation for Leaders of Lay Training, Bossey, May, 1963, is reprinted from “Laité”, No. 17, June, 1964.)

in u uitgawe van 15 September 1964 sonder my goedkeuring of medewete gepubliseer is, soos u dan ook tereg in u voetnota te kenne gee.

Met agting,
die uwe.

(Ds.) C. W. H. BOSHOFF.

Die Sendingkantoor
De Kortestraat 117,
Braamfontein,
Johannesburg.

Geagte Redaksie,

Op bladsy drie van die uitgawe van u blad van September 15, lees ek dat die Eerste Minister gesê het: „Attempts are being made to create the impression that we are wrong if we do not allow multi-racial churches . . . We do not wish to change our church from the way in which we have inherited it and experienced it for centuries.”

Dit is tog in stryd met die geskiedenis. Toe ek in 1916 by my gemeente gekom het was daar 'n tal van nie-blankes (Kleurlinge) in die kerk en aan die nagmaalstafel en het die predikant gereeld huisbesoek gedoen saam met die blanke lidmate. Daar is toe 'n plaselike sendingkerk gestig en na enige jare het die mense hulle by die sendingkerk vrywillig aangesluit.

En as ons sou terug gaan in die geskiedenis „vir eeue” van af die aankoms van Jan van Riebeeck sal ons vind dat ons Kerk wel 'n veelrassige kerk was. Ek herinner my toe ek 'n jongman was dat daar talle kleurlinge saam met die blankes aanbid het op Wellington, Paarl, e.a.

Sal u nie hierop die aandag vestig nie?

EMERITUS.